*Koedoe* 18: *165–190* (1975)

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE NASIONALE BONTEBOKPARK, SWELLENDAM

A. P. J. VAN RENSBURG
*Departement Geskiedenis*
*Universiteit van Pretoria*
*Pretoria*
*0001*

*Samevatting* – 'n Beskrywing van die vroeë geskiedenis van die Swellendam-omgewing word weergegee. Die volgende aspekte van die bontebok *Damaliscus dorcas dorcas* (Pallas, 1766) word bespreek: verspreiding; oorsake van die historiese verwarring tussen bontebok en blesbok *(D. d. phillipsi* Harper, 1939); agteruitgang van die subspesies; beskermingsmaatreëls en herverspreiding.

*Abstract* – A description of the early history of the Swellendam district is given. The following aspects of the bontebok *Damaliscus dorcas dorcas* (Pallas, 1766) are discussed: distribution; origins of the historical confusion between bontebok and blesbok *(D. d. phillipsi* Harper, 1939); decline of the subspecies; conservation measures and redistribution.

## *Swellendam se vroeë verlede*

### *Vroegste bewoners*

Die spore van die tyd lê wyd en diep in hierdie streek. Wie sy vroegste bewoners was, bly 'n raaisel, maar klipwerktuie van oervolk uit verskeie vroeë tydperke word oor 'n groot oppervlakte aangetref, vanaf Riversdal tot aan die Buffeljagtsrivier. Voorts bestaan daar volop getuienis van die aanwesigheid van rondswerwende Boesmans en van Hottentotstamme.

Toe Jan van Riebeeck in 1652 die verversingspos aan die voet van Tafelberg kom stig het, was dit onder meer een van sy opdragte om vee van die Hottentotte te ruil. Destyds was daar nog talle Hottentotstamme wat, behalwe vir sporadiese tydelike bondgenootskappe, onafhanklik van mekaar bestaan het. Elke kraal het 'n kaptein gehad wat dáár gesag gevoer en reg gespreek het. Dié kapteins was op hul beurt weer trou verskuldig aan 'n grootkaptein, maar by afwesigheid van 'n ontwikkelde gemeenskapsorganisasie was sy oppergesag meer teoreties as werklikheid.

In die onmiddellike omgewing van die Fort in Tafelbaai het die Goringhikwa en die Gorahoukwa gewoon. Langs die weskus tot in die omgewing van die Olifantsrivier was die Kochokwa en Klein-Grigrikwa se weiveld. Noord van die Olifantsrivier het die Namakwa en Groot-Grigrikwa gehou en oos van die Kochokwa die Chainokwa van wie ook vee geruil is.

Van besondere belang vir Swellendam is egter die Hessekwas. Hulle het oorspronklik langs die Sonderend- en Breërivier in die omgewing van die huidige Caledon en Swellendam gewoon en was besonder ryk aan vee. Ons lees vir die eerste keer van hierdie stam op 27 September 1660 in Van Riebeeck se Dagverhaal wanneer die Hottentottin Eva vertel: "Maer seecker ander volcq, genaempt Hesaquas (bij ons noch noyt hooren noemen, rechte dachamaeckers van die Hamcumquar, ende nog grooter volcq als de voorgemelte Chainouquas sijnde, van de Saldanhars in spraecke so different dat se malcanderen niet verstaen cunnen als door vertalinge van de Chainouquas) . . ." (Bosman en Thom 1952). Eva vertel voorts dat die opperhoof van die Hessekwas laat weet het dat die ander Hottentotstamme in die omgewing van die nedersetting aan die voet van Tafelberg moes padgee om vir hom plek te maak sodat hy die alleenreg sou hê om "met het Duyts volcq . . . te handelen ende om te gaan."

Hierna verneem ons sporadies van die Hessekwas wat dan in aantog na die Fort sou wees. Op 11 Februarie 1661 bereik 'n gesant van hulle dan ook die volksplanting in die Kaap met opdrag om vas te stel of sy "koning" welkom sou wees. Kort hierna het 'n aantal Hessekwas by die Fort aangekom met 'n mooi trop beeste om te verruil. Hulle het vertel dat hulle oor die groot bergreeks gekom het ". . . waar 'n witman nog nooit sy voet gesit het nie." Volgens hulle verduidelik het, was hulle afkomstig uit die omstreke van die huidige Swellendam en Caledon.

Eers ses jaar later, toe Cornelis van Quaelberg Kommandeur van die Kaapse nedersetting was, het die Kaapse owerheid vir korporaal Hieronymus Cruse met 'n klein geselskap oor die Hottentots-Hollandberge gestuur. Cruse het enige honderde beeste en skape by die Hessekwas gereis en met meer as een duisend beeste na die Kaapse Swellendam geruil. Die daaropvolgende jaar het korp. Cruse weer 'n besoek aan dié gebied gebring. Tussen die Breë- en Gouritzrivier het hy 'n aantal Boesmans teëgekom met 'n groot getal beeste wat hulle van die Hottentotte geroof het. Na 'n skermutseling het die Boesmans op die vlug geslaan, waarop Cruse die vee in beslag geneem en na die Fort geneem het. Onder hierdie vee was van die beste aanteelvee wat andersinds moeilik bekombaar was (Tomlinson 1943)

Hierna, veral tydens die bevind van Johan Bax en Simon van der Stel, het die goeie betrekkinge en die handel met die Hessekwas voortgeduur. Ons lees bv. dat Simon van der Stel op 21 Oktober 1688 uit Drakenstein gereis het "tot in 't sigt der revier Sonder Ent" om vas te stel of dit hiervandaan moontlik sou wees om die "land van die Hessekwas" te

bereik, "wat so baie beeste gehad het" (Boeseken 1964). Hy het selfs daaraan gedink om hiervoor 'n pad oor die berge te maak. Tien jaar later het vaandrig Isaq Schrijver andermaal na die land van die Hessekwas gereis en met meer as een duisend beest na die Kaapse Kasteel teruggekeer.

Mettertyd verswak die betrekkinge met die herderstamme van die latere Swellendam. Een rede hiervoor was die verbod wat die Kompanjie op die veeruil met die Hottentotte geplaas het. Toe Simon van der Stel in Maart 1699 die bewind aan sy seun Willem Adriaan oorhandig, was daar reeds bedenkinge oor die koloniste wat gereeld die verbod op die veeruil oortree het. Die gevolg was dat die kompanjie self 'n groot skaarste aan beeste ondervind het. Hierdie tekort is vererger deurdat kapitein Klaas daarin geslaag het om die Hessekwas "van d'E. Comp. afkeerig te maken" (Botha 1924).

Op hierdie stadium, teen die einde van die 17de eeu, het die Hessekwas onder hoofkaptein Goukou vanaf Caledon tot aan die Gouritzrivier in verskillende krale gewoon. Plaasname soos Kinko, Koesani, Crodini, Dipka, Kadie, Napky en Goreeso, is almal Hottentotname in Swellendam wat skakels met 'n kleurvolle verlede is. Ook die name van Hottentotkapteins wat vanslewe met volk en vee gelê het op Solderskraal, Klaaskafferskraal, Hessekwaskloof, Markuskraal, Kluitjieskraal, Cloeteskraal, Stuurmanskraal en Lang Elsieskraal. Hierdie plase is almal naby mekaar geleë tussen Swellendam en die see so 'n veertig tot vyftig kilometer ver, aan weerskante van die Breërivier (Rothman 1972).

Lang Elsie was 'n merkwaardige vrouekaptein wat tussen die jare 1734 en 1800 geleef het, en al wat vandag van haar kraal oorbly, is die oop werf aan die Breërivier binne die Nasionale Bontebokpark. Nouga Saree was 'n ander Hottentotkaptein wat 'n tydgenoot van Lang Elsie was. Sy vetstertskape en langhoringbeeste het waarskynlik op 'n gedeelte van die OU Resiesbaan en rondom Swellendamdorp binne die grense van die huidige Park gewei, terwyl Lang Elsie klaarblyklik die res van die vlakte tot aan die Buffeljagtsrivier as haar weiveld beskou het. Die grafte van Nouga Saree en 'n paar van sy volgelinge is vandag nog in die Outuin binne die Park te sien, toegepak onder blou ysterklip. Aan die lengte van die grafte kan ons vasstel dat die afgestorwenes in 'n sittende houding begrawe is.

Ook Nougasdrif is 'n skakel met die Hottentot-era. Dit is een van die drie driwwe deur die Breërivier wat in die "Verre geleegene Districten" tot omstreeks 1900 gebruik is.

Teen die einde van die 17de eeu het die Hottentotte nog vryelik beweeg oor die gebied langs die Breërivier en die terrein waarop die Park meer as anderhalwe eeu later tot stand sou kom. Die blanke beskawing, wat vanaf die begin van die 18de eeu in hierdie rigting beweeg het, sou egter spoedig 'n ingrypende verandering in die bestaan van hierdie Hottentotte teweeg bring. Dit is merkwaardig dat die ineenstorting van die Hottentotvolk, in teenstelling met dié van die Boesman, sonder bloedvergieting geskied het. Dis verder opvallend dat

die Hottentotte self grootliks vir hierdie ineenstorting verantwoordelik was. Die houvas wat alkohol en tabak op hulle gekry het, was rampspoedig. Verder het hulle hul eie ekonomiese ondergang bewerkstellig deur hulle kuddes daarvoor te verruil. Om in hulle basiese behoeftes te voorsien, moes hulle mettertyd in diens van die blanke tree. Dit alles werk mee tot 'n ontstammingsproses wat teen die eerste dekade van die 18de eeu slegs verspreide klompies laat van die eertydse florerende Hottentotstamme wat met hulle groot troppe vee die binneland van die Kaapkolonie versier het.

Boonop het die noolottige pokke-epidemie van 1713 duisende Hottentotte om die lewe gebring en, sover dit die Hessekwa van Swellendam betref, hele krale uitgewis. Teen die einde van die 18de eeu sou die stamverband nie meer bestaan nie: die oorblywende Hottentotte het óf op blanke plase óf by sendingstasies 'n heenkome gevind.

Ook die Boesman-gevaar verdwyn mettertyd. Verskeie burgerkommando's het hulle genadeloos uitgeroei of verdryf. Ook die Hottentotte, wat self veebesitters was, het meedoënloos "jag" op hulle gemaak.

*Die blanke verskyn in Swellendam*

Uit bogaande relaas is dit duidelik dat die verdrywing van die Boesman en die ineenstorting van die Hottentotstamme 'n vakuum gelaat het waarin die blanke veeboerpionier kon beweeg.

Soos reeds gemeld, was Hieronymus Cruse se ekspedisie in 1667 die eerste blankes wat Swellendam betree het. Later het ander ruilekspedisies gevolg. Die gevolg was "de groote wagen weg" wat van dag as 'n teerpad by die Drostdy van Swellendam verbyloop. Hoe oud die pad werklik is, sal ons nooit weet nie. Dirk Gysbert van Reenen beskryf dit in 1803 as "de algemeene passage van het binnenland" – dus moes dit in sy tyd al oud gewees het. Seker is dit dat toe besluit is om 'n Drosdy in 1746 op te rig, dié pad reeds oorbekend was.

In 1676 het Lourens Visser, wat in bevel van die Kompanje se veepos op Hottentots-Holland was, 'n veeruilekspedisie na die oostelike distrikte onderneem. Een van die aantekeninge in sy dagboek vermeld dat hulle die Breërivier en die "Klippige Revier" (tans die Kliprivier) oorgesteek het, toe by Quaelbergs Kasteel gekom en daarna die Buffeljagtsrivier bereik het.

Die naam "Quaelbergs Kasteel" duik in 1689 weer op in die joernaal van Isaq Schrijver. Hy is daar verby om die streek anderkant die Outenikwaberge te gaan verken en vee te ruil. Op sy terugreis het hy kamp gemaak langs die Koringlandsrivier. Op Vrydag, 25 Maart 1689, teken hy onder andere aan dat hulle die dag daar vertoef het en vee geruil het by die "Swarte Kaptein" wat met sy vee by Quaelbergs Kasteel gelê het.

Mossop (1927) meld met groot sekerheid dat die "Quaelbergs Kasteel" waarvan die vroeë reisigers skryf, inderdaad die kroonvormige

bergspits is bokant Swellendam, en dat dit korp. Cruse was wat in 1667 dit na die destydse Kaapse kommandeur genoem het.

Rothman en Rothman (1968) meld dat die bekende bergkop vandag bekend staan as Twaalfuurkop. Die naam "Qualbergs Kasteel" kom net in die vroeë reisjoernale voor; dus kan ons aanvaar dat dit later in onbruik verval het. Regs van Twaalfuurkop voltooi Elfuurkop en Tienuurkop die buitelyn van die berg. Links, anderkant 'n wye diep kloof, staan Eenuurkop alleen. Eersgenoemde twee koppe dui op sekere tye van die jaar werklik min of meer die stand van die son aan.

Permanente blanke besetting van Swellendam begin egter eers met die veeboertrek na die binneland aan die begin van die 18de eeu. Die mark vir akkerbouprodukte was versadig en baie boere het na veeboerdery oorgeslaan, en sodoende groter plase en meer weiveld vereis. Teen 1717 staan die voorste trekboere reeds aan die monding van die Breërivier. Ses jaar later het Jan Harmse die plaas Jan Harmansgat (later Nooitgedacht) aangelê. In 1724 wei Roelof Olofsz se vee reeds by Grootvadersbosch. Die daaropvolgende jaar word weiregte toegestaan aan Cornelis van Roije wat in 1745 een van Swellendam se eerste heemrade sou word. Hierdie vroegste baanbrekers word die eerste blanke bewoners van die gebied wat later deel van die Park sou word.

*Swellendam die eerste grensdorpie*

Die veeboere in die binneland was onafhanklike mense en dit was moeilik om hulle vanaf die naaste distrik, Stellenbosch, onder gesag te hou, iets wat die bewindhebbers aan die Kaap hoofbrekens besorg het. Daar moes ook in die burgerlike en kerklike behoeftes van hierdie mense voorsien word. Gevolglik is in 1734 vir hulle beskerming 'n buitepos met 'n korporaal en sewe manskappe opgerig. Die "Fort" was geleë by "De Rietvalleij" aan die Buffeljagtsrivier – vandag bekend as Oupos. Op kerklike gebied sou Swellendam egter nog onder die gemeente Stellenbosch resorteer.

Spoedig het dit geblyk dat bogenoemde reëlings nie altyd prakties was nie. Dit het die latere Swellendammers in die somer vier dae geneem om die Roodezandkerk te bereik. In die winter, wanneer die riviere in vloed was, het so 'n tog veertien dae en soms langer geduur. Gustav Willem, Baron van Imhoff, oppermagtige goewerneur van Nederlands-Indië, het in 1743 tydens sy reis na Oos Indië aan die Kaap vertoef en 'n inspeksiereis na die buitedistrikte onderneem. Sy waarneming van toestande het hom sodanig verontrus dat hy aanbevelings gedoen het wat neergekom het op bevele, wat die Politieke Raad – die regeringsliggaam aan die Kaap – moes uitvoer:

(a) Twee predikante moes in die binneland geplaas word. Dit het gelei tot die stigting van die gemeente Tulbagh in 1743 en die gemeente Swartland in 1745;

(b) 'n Sieketrooster moes geplaas word op die verste uithoek. So het Abraham Schietekat in 1744 met sy werk op Grootvadersbosch begin.

(c) 'n Nuwe distrik, ondergeskik aan dié van Stellenbosch, moes geproklameer word. So word die gebied oorkant die Breërivier tot anderkant Mosselbaai as "eene soorte magistraature" (subdrosdy) of regeringsetel vir "de Colonie in de verafgeleegene Contreijen" geproklameer. Daarmee het die Kompanjiesgesag die snelbewegende trekboerpioniers in die binneland weer ingehaal.

Die eerste vier heemrade wat die gesag in hierdie gebied gevoer het, was Cornelis van Roije, Jan Loots, Andries Holshausen en Jacobus Bota de Oude – manne wat reeds geruime tyd in hierdie geweste gevestig was. 'n Amptenaar, die gewese boekhouer van die Politieke Raad, Johannes Theophilus Rhenius, het as Adjunk-landdros op die vergaderings voorgesit. Met hierdie reëlings het dit nie altyd vlot verloop nie. Die heemrade het gemeen dat Rhenius as hulle sekretaris benede hulle in rang was, terwyl hy op sy beurt gereken het dat hy as adjunk-landdros hul owerheid was (Theal 1964). Die Politieke Raad het die probleem in 1745 opgelos deur die proklamasie van 'n nuwe distrik, met Rhenius as gevolmagtigde landdros, en 'n Raad van ses heemrade. Daar was egter geen sentrale vergaderplek vir dié Raad nie, want daar was nog geen dorp nie; amptelike vergaderings moes om die beurt op een van die heemrade se plase gehou word.

Die nuwe distrik het van Soetendalsvlei naby Kaap Agulhas noordwaarts geloop; ooswaarts het dit gestrek ". . . tot waar die mag van die Agbare Kompanjie eindig . . .", dus tot anderkant Mosselbaai. Eers in 1811 is dit deur afbakening van die distrik George ingekort. Dit het egter nog nie 'n naam gehad nie – daar is bloot verwys na "de Colonie in de verafgeleegene Contreijen."

Vervolgens moes 'n sentrale punt vir die distrik vasgestel word waar 'n drosdy opgerig kon word. Die landdros en heemrade het lank gesoek na „die regte plek" hiervoor: dit moes sentraal en binne bereik van voldoende vars water wees. Die keuse het gelê tussen Grootvadersbosch, Buffeljagtsrivier en die Koringlandsrivier. Voorkeur is gegee aan die omgewing van laasgenoemde.

Eers 'n jaar later, in Oktober 1747, het die nuwe distrik en Suid-Afrika se eerste grensdorp sy naam gekry: Swellendam, vernoem na goewerneur Hendrik Swellengrebel, die eerste gebore Kapenaar wat tot die goewerneursamp gevorder het in 1739, en sy vrou Helena Wilhelmina ten Damme met wie hy in 1727 getroud is. In 1750 het die eintlike aanleg van die dorp en die uitmeting van erwe begin.

Die Drostdy is in 1747 voltooi, maar uit ou afbeeldings wat gespaar gebly het, weet ons dat dit nie soos die huidige gelyk het nie. Eers in 1813 is dit tot die huidige vorm verander, hoewel die inhoud tot vandag toe die baanbrekerslewe van die eerste pioniers weerspieël. Die Drostdy was tegelykertyd die kantore van die administrasie van die

distrik en die woning van die landdros. Die kantore was aan die rivierkant.

Mettertyd word dié gebou die middelpunt van die bedrywighede van die distrik – nie net omdat dit die uitvoerende amptenaar gehuisves het nie, maar ook as gevolg van sy argitektoniese skoonheid. Die geelhoutbalke, kappe en vloerplanke is uit die houtbosse langs die Langeberge gekap. Die skarniere, slotte en spykers het volgens oorlewering van Hermanus Steyn die Ouere, 'n vooraanstaande boer en jarelange heemraad van die distrik, gekom. Met behulp van slawearbeid is dié stewige gebou opgerig.

Rhenius het in April 1749 as eerste landdros van Swellendam afgetree. Hy is deur Jan Andries Horak opgevolg wat 17 jaar later weens "swaar duiselinge in die hoof" sy ontslag aangevra het. By sy aftrede was daar in die tuin van die Drostdy reeds 310 eikebome en meer as 150 vrugtebome. Die effense heuwels om die Drostdy was met meer as 12 000 wingerdstokke beplant. Die Drostdy was langs die Koringlandsrivier geleë; langs die rivier was destyds die koringlande van die Drostdy, wat dan ook aan dié rivier sy naam besorg het.

Om die Drostdy het Swellendam geleidelik ontwikkel. Alle verkeer moes met die Kaapse wapad langs deur die dorpie gaan, en wamakers, looiers en smede kon spoedig 'n goeie bestaan maak – waens uit Swellendam se werkswinkels was hoog aangeskrewe. Die landdros het gesag gevoer tot aan die Oosgrens, en as laaste buitepos van die beskawing op die lang pad na die binneland het Swellendam 'n plek van belang geword.

Teen die einde van die 18de eeu kom daar 'n keerpunt in die lotgeval van die distrik. Dit was grootliks die gevolg van die langdurige ontevredenheid met die wanbestuur van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap. Aan die oostekant geteister deur Xhosa-stroopbendes, het die Swellendammers uit Kaapstad nòg beskerming nòg kompensasie ontvang. Inteendeel, om die regmatige griewe van die burgers te vererger, het die reeds insolvente Kompanjie die militêre poste van Swellendam opgeskort, die graanskuur by Mosselbaai gesluit en geweier om die boere se graan te koop.

So het dit gekom dat Swellendam op 17 Junie 1795 die voorbeeld van die opstandige Graaff-Reinet gevolg het. Onder aanvoering van die kommandant P. J. Delport het 'n groep gewapende burgers landdros Faure gelas om die Drostdy tesame met sy personeel te verlaat; die gesag van die Kompanjie is verwerp en daar is besluit dat ". . . om ons onder een Vrije Republiek te sorteeren." 'n "Nasionale Vergadering" is in die lewe geroep met die gerespekteerde Hermanus Steyn as "President."

Moontlik sou die opstand nie ongestraf gegaan het nie, maar die Kaapse regering se hande was gebind deur gewigtiger sake . . . ses dae voor die opstand in Swellendam het 'n Britse vloot in Simonstad anker gewerp. Die gebulder van seinkanonne op die heuwels het die burgers tot die wapen geroep, maar die Swellendammers was so besig met hulle

eie politieke onderonsie dat hulle aanvanklik geen gehoor gegee het nie. Die nood van die vaderland het egter weldra die deurslag gegee, en op 10 Julie daag komdt. Delport die aanvoerder van die Britse vloot uit: hulle sou hulle vaderland tot die laaste man verdedig. Kort hierna het Delport 'n kommando van 168 man na Kaapstad gelei.

Die daaropvolgende slag van Muizenberg het die Engelse die meesters van die Kaap gemaak – iets wat die Swellendammers ook stilweg aanvaar het. Landdros Faure het teruggekom en Hermanus Steyn het as gewone boer na sy plaas teruggekeer.

Gedurende die eerste halfeeu van sy bestaan het die dorp Swellendam maar stadig uitgebrei, hoofsaaklik as gevolg van die afwesigheid van 'n eie kerk en gemeente. Vanaf die begin van die 19de eeu wortel die Westerse beskawing en kultuur al hoe dieper en kom daar verruimde kontak met die meer gevestigde distrikte van Kaapland. Een voorbeeld hiervan is die ou Resiesbaan, tans deel van die Park, wat teen die middel van die 19de eeu aangelê is op die eertydse weiveld van die Hottentotkaptein Nouga Saree. Vir meer as vyftig jaar – vanaf 1848 to 1904 – het die "Swellendam Turf Club" gereelde en geslaagde perdwedrenne hier gereël. Soveel belangstelling het hierdie byeenkomste gaande gemaak dat ondersteuners uit Kaapstad in 1864 met die *Kadie* tot by Malagas gevaar het om dit by te woon. Die laaste 32 kilometer tot by Swellendam is per koets afgelê.

Die oorlewering wil hê dat die Swellendammers renperde begin teel het nadat Ritmeester J. Z. Moolman daardie mooi hings – van wie 'n skildery in die Drostdy hang – tydens die slag van Blaauwberg van 'n Britse offisier gebuit het. Dit mag waar wees, maar dan moet darem onthou word dat Lady Anne Barnard en haar man reeds in 1798 en genl. J. W. Janssens in 1803 melding gemaak het van die pragtige perde van Swellendam. Die ou Resiesbaan is later, tot en met sy opname as deel vand die dorpsmeent in die Park, as skietbaan gebruik.

Ander epogmakende datums in die geskiedenis en ontwikkeling van Swellendam was: 1798 (stigting van die N. G. Gemeente); 1843 (die proklamasie van 'n eie munisipaliteit); 1852 (die oprigting van 'n eie Bank wat nie meer bestaan nie); 1875 (toe Swellendam sy eerste skool gekry het), en 1899 (toe die Cape Central Railway vanaf Worcester na Swellendam verleng is).

Deur al die jare heen het Swellendam daardie dinge behou wat eie aan hom is. In die 19de eeu was dit bekend as die bakermat van vyf Suid-Afrikaanse presidente, te wete, M. T. Steyn, J. N. Boshoff, en F. W. Reitz van die Oranje-Vrystaat, en Paul Kruger van Transvaal. Dan was daar ook nog Hermanus Steyn, die "president" van 1795. Die Steyns was almal, net soos Paul Kruger, afstammelinge van Jacobus Steyn die Oue, wie se nasate diep spore in Swellendam getrap het.

Hierdie manne is almal skakels met 'n trotse verlede. Ook die bontebok is 'n skakel met die roemvolle gisterjare van Swellendam waarvan slegs plaasname soos Bontebokskloof, Buffelsfontein, Elandspad, Hartebeesrivier, Leeuwfontein, Renosterfontein, Zeekoevlei

en andere vandag herinneringe is. Net soos die bontebok het buffels, kwaggas, leeus, allerlei bokke, olifante, seekoeie, renosters en baie soorte roofdiere hier gewoon in 'n jagtersparadys sonder weerga. Van hulle almal het omtrent net die bontebok, trots en sieraad van die suidwestelike Kaap, oorgebly. Die lotgevalle van hierdie spesies vorm die kern van die hieropvolgende relaas.

*Geskiedenis van die Bontebok*

Dit was P. S. Pallas, 'n Elsasser wat gedurende die tweede helfte van die 18de eeu as "derde klas" geneesheer saam met Meuron se Franse Regiment na die Kaap gekom het en later Kaapstad se eerste apteker geword het, wat heel eerste, in 1766, die bontebok wetenskaplik beskryf het onder die naam *Antilope dorcas*. Roberts (1951), Harper (1940) en Sclater (1900) aanvaar, waarskynlik op gesag van Masson (1776), dat Pallas die eerste eksemplaar van die bontebok in die omgewing van die Kafferkuilsrivier naby die huidige Riversdal raakgeloop het.

In 1767 het Pallas tydens 'n tweede besoek aan die omstreke van die teenswoordige Swellendam klaarblyklik die bontebok noukeuriger bestudeer en tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie antiloop nie 'n gasel was nie; gevolglik het hy die soortnaam na die meer toepaslike *pygargus* gewysig (Pallas 1767), wat letterlik beteken "wit oor die agterste liggaamsdele", d. w. s. rondom die stert (Bigalke 1955). As sodanig dui dit op die kenmerkende wit kol op die boude en rondom die stertwortel van die bontebok. Vandag staan die bontebok wetenskaplik bekend as *Damaliscus dorcas dorcas* (Pallas, 1766).

*Verspreidingsgebied*

Sedert die vroegste tye is die bontebok skynbaar beperk tot die suidwestelike gedeeltes van die Kaapprovinsie. Oor die juiste oorspronklike verspreidingsgebied bestaan 'n mate van meningsverskil. Bigalke (1955) is oortuig dat die verspreidingsgebied ten tye van die stigting van die Kaapse verversingspos in 1652 beperk was tot die suurveld oos en wes van Kaap Agulhas. Roberts (1951) beweer op sy beurt dat die bontebok vanaf Knysna tot by Caledon aangetref is, maar ooreenkomstig die huidige kennis van die behoeftes van die bontebok wil dit voorkom asof die verspreidingsgebied tot die streek tussen Mosselbaai en Caledon verskraal moet word. Labuschagne (1957a) beweer dat die verspreidingsgebied tussen die Botrivier in die weste, die Gouritzrivier in die ooste, die Langebergreeks in die noorde en die see in die suide gesoek moet word. Hierdie bevindinge stem ooreen met 'n anonieme geskrif (Anon. 1796–1798) waarin die grootste verspreidingsgebied aangegee word as strekkende vanaf die Sonderendrivier tot by die Gouritzrivier.

Juis vanweë die bogenoemde uiteenlopende standpunte is dit paslik om die reisjoernale van die vroegste besoekers aan die "Overberge" te

raadpleeg met betrekking tot die verspreidingsgebied van die bontebok. Die reisjoernale van reisigers op pad na die mineraalbronne te Caledon en na die land van die Hessekwas op veeruilekspedisies (oos van Kaap Agulhas) verwys telkens na die aanwesigheid van die bontebok.

So vind ons dat Isaq Schrijver, wat in 1689 deur die Kaapse owerheid op 'n landtog na die Inkwas gestuur is, in die huidige distrik Caledon die bontebok aangetref het (Mossop 1931). Onder datum Dinsdag 11 Januarie 1689 teken Schrijver aan dat sy ekspedisie anderkant die Botrivier beweeg. Hulle het ". . . als vooren . . . goed land gepasseerd, en hebben onderwegen meer dan 1 000 bonte harte bokken sien loopen . . ."

Ander amptenare wat in opdrag van die owerheid reise ooswaarts onderneem het, vermeld ook die aanwesigheid van die bontebok tussen Caledon en Mosselbaai. Kommissaris Cnoll teken in sy dagboek onder datum Saterdag 9 Februarie 1710 aan dat hy die Palmietrivier bereik het. Hy skryf verder: "Desen dagh wasser niets voorgevallen, als dat wij hadden ontmoet, diverse (d.w.s. baie) bontebokken . . ." (Botha 1924). Ook die reisiger Van Putten het op weg na die mineraalbronne van Caledon in 1709–1710 bontebokke aangetref en selfs een se vleis geëet (Botha 1924).

J. W. Cloppenburg, die sekunde tydens goewerneur Joachim van Plettenberg se bewind aan die Kaap, reis in 1768 na die binneland om toestande onder die grensbewoners te ondersoek. Naby die Swartbergreeks en ook naby die samevloeiing van die Breë- en Sonderendrivier het hy groot getalle bontebokke aangetref (Botha 1924).

Namate die merkwaardige plant- en dierelewe van die Kaapkolonie in Wes-Europa bekend geword het, vind daar in die 18de eeu letterlik 'n stormloop plaas van wetenskaplikes, reisigers en jagters wat hier versamelwerk kom doen en kom jag het. Die Sweedse wetenskaplike Sparrman, het in 1775, tydens 'n reis na die minerale baddens van Caledon onder meer gemeld: "I now, for the first time, had the pleasure of seeing herds, consisting of the two largest sorts of *antilopes* or *gazels,* which are called by the Dutch hartebeests and bonteboks" (Sparrman 1786). Tydens 'n tweede besoek die daaropvolgende jaar verstrek hy meer besonderhede omtrent die verspreiding van die bontebok. Hy tref hulle tussen die Botrivier en die Caledon-minerale baddens aan en beweer dat hulle nie verder oos as Swellendam voorkom nie, en meld ook dat 'n boer "somewhat different" bontebokke in die Tamboekie-gebied raakgeloop het. Ons het hier klaarblyklik te doen met blesbokke (want op Sparrman se kaart verskyn die Tamboekie-streek noord van die Sneeuberge) sodat Sparrman se verslag een van die eerste voorbeelde van verwarring tussen die bontebok en die blesbok is.

In 1776 tref Masson die bontebok in die omgewing van die Kafferkuilsrivier (tans distrik Riversdal) aan. Nog in dieselfde jaar het Pieter Cloete saam met Hendrik Swellengrebel jr. (seun van die vorige Kaapse goewerneur na wie Swellendam vernoem is) 'n reis na die

Kaapse binneland onderneem. Kort nadat hulle geselskap op Donderdag 12 Desember 1776 Swellendam bereik het, het hulle "eenige bontebokken" gesien (Godee-Molsbergen 1932).

Paterson (1789) vermeld in sy werk dat hy die bontebok teëgekom het nadat hy die Botrivier naby die Swartberge gekruis het, sowel as in die Tygerhoek-gebied (distrik Caledon) en ooswaarts deur die vallei van die Sonderendrivier. Veral in die Rietvallei, ongeveer 19 kilometer vanaf Swellendam, het hy groot troppe aangetref. Hy vervolg: "During our stay (at Swellendam), I added much to my collection, and amused myself by joining in the chase of the Bonta Bocks, which are found in this place in great numbers ....."

Thunberg (1795) meld dat hy op sy reis deur suidelike Kaapland in 1779 die bontebokke aangetref het naby Swellendam. Drie jaar later het le Vaillant bontebokke teëgekom naby Houhoek (distrik Caledon) asook in die omgewing van die teenswoordige dorp Caledon, soms selfs in troppe van meer as 2 000. Insiggewend in hierdie verband is die volgende opmerking met betrekking tot die wildrykdom van die jagtersparadys wat hy later naby Swellendam aanskou het: "The bontebocks, above all, appeared in flocks of two thousand at least. I am persuaded that this day, including bubales, antelopes of all kinds, zebras and ostriches, I had before my eyes at one time more than four or five thousand animals" (le Vaillant 1796).

Ook Duminy. wat in 1797 deur hierdie gebied gereis het, verhaal dat hy die bontebok aangetref het in die Botrivier-omgewing, die Swellendam-distrik en die gebied langs die Soutrivier (Bredasdorp-distrik),waar hy by geleentheid binne die bestek van 'n uur sewentig gesien het (Franken 1938).

Bogenoemde bronne toon duidelik dat die oorspronklike verspreidingsgebied van die bontebok in die suidwestelike Kaapse kusstrook gesoek moet word. Name soos die Breërivier, Caledon, Swellendam, die Botrivier-en Riversdal-omgewing in die streek tussen die berge en die see kom herhaaldelik daarin voor wanneer ontmoetings met die bontebok beskryf word. Na aanleiding hiervan kan die juiste verspreidingsgebied soos volg nader aangedui word: die streek ten ooste, ten weste en ten noorde van Kaap Agulhas begrens deur Mosselbaai in die ooste, die Botrivier in die weste en in die noorde deur die Sonderend- en Langeberge. As sodanig beslaan dit min of meer dieselfde gebied soos deur Acocks (1953) beskrywe as Renosterbos en Fynbos van die kusstreek.

### *Verwarring tussen bontebok en blesbok*

Die ontdekking van die aanverwante blesbok (*Damaliscus dorcas phillipsi* Harper, 1939) op die binnelandse vlaktes van die latere Oranje-Vrystaat – ongeveer een honderd jaar ná die bontebok – het kontemporêre reisigers so verwar dat dit later moeilik was om presies te bepaal waar die bontebok werklik voorgekom het.

Na aanleiding van bogenoemde onsekerheid aan die hand van ou geskrifte, asook volgens Bigalke (1955), Skead (1958) en W. F. H. Ansell (1971) se ontledings van sekere historiese gegewens, blyk dit duidelik dat die bontebok altyd geografies beperk was tot die gebied soos hierbo beskrywe. Die blesbok, daarenteen, is aangetref in die Kaapse Middellande, op die binnelandse vlaktes van die Oranje-Vrystaat en die suidelike Transvaal. Op sy mees suidelike punt is die blesbok dus deur 'n gordel van ten minste 320 kilometer van die bontebok geskei.

Reeds voor die einde van die 18de eeu het Kaapse grensboere anderkant die Sneeuberge gewoon, in die omgewing van die huidige Graaff-Reinet – uitstekende blesbokwêreld. Burchell (1824) het in Julie 1812 die eerste keer die term "blesbok" gebruik – hoewel die woord toe reeds lank in die algemene omgangstaal bekend was. Andries Stockenström (1887) gebruik wel die woord "blesbok" wanneer hy na die jaar 1808 verwys, maar omdat hy sy herinneringe eers in 1856 geboekstaaf het, kan aanvaar word dat Burchell tog die eerste gebruiker van die woord was.

Burchell (1824) verwar egter nogtans die blesbok met die bontebok – – hy het naamlik 'n bok naby Swellendam geskiet waarna hy verwys het as ". . . the blesbok of the colonists, and sometimes bontbok". Dit is duidelik dat Burchell hier die bontebok verwar met die blesbok wat hy in Botswana vir die eerste keer teëgekom het. Die reisiger Andrew Smith (1833) praat Burchell na en voer so onbewus die verwarring verder.

Saam hiermee gaan benaminge soos "Bonteboksvlakte" wat inderdaad buite die natuurlike verspreidingsgebied van die bontebok lê. Die eerste verwysing na die sogenaamde "Bonteboksvlakte" word ontleen aan Van Reenen (1792) toe hy sy ekspedisie na die wrak van die Oos-Indiese vaarder, die *Grosvenor,* onderneem het. Van sy ietwat onduidelike kaart wil dit voorkom asof "bontekokke" êrens in die omgewing van die huidige dorp Cathcart gewaar is. Op die terugreis, skryf Van Reenen dat hulle op die Bonteboksvlakte aangekom het – anderkant die Swart Keirivier. Daar is geen twyfel dat "Bonteboksvlakte" (ten suide van Cathcart) dus 'n verkeerde naam is nie en ontstaan het as gevolg van verwarring van die blesbok met die bontebok.

Die vermaarde reisiger en jagter, Kapt. William Cornwallis Harris, wat vanaf Algoabaai (Port Elizabeth) noordwaarts oor Graaff-Reinet na Kuruman gereis het, het hierdie aanvanklike verwarring verder gevoer (Harris 1841). Hy het oor die westelike Vrystaat en Graaff-Reinet na Algoabaai teruggekeer, m.a.w. hy het nooit 'n bontebok gesien voordat hy na die noorde gereis het nie (Skead 1958). Op sy terugreis uit Matabeleland maak Harris melding van ". . . incredible herds of bontbok bucks . . ." in die omgewing van die Vetrivier in die Oranje Vrystaat. Dié bokke was kennelik blesbokke.

F. C. Selous (1908) wys daarop dat Harris eers ná sy terugkeer in die Kaapkolonie spesiaal na Kaap Agulhas gereis het om 'n bontebok te sien omdat hy so begerig was ". . . to ascertain whether the animal rigorously

protected by the neighbourhood of Cape Agulhas differed in any respect from that found in the interior . . ." Die verslae van ander reisigers weerspreek onomstootlik die aanwesigheid van bontebokke in die binneland.

Die verwarring is verder verskerp deur die uiterlike ooreenkoms in morfologie en kleur tussen die bontebok en die blesbok. Albei subspesies behoort tot die subfamilie Alcelaphinae (hartbeesgroep). Kleurverskille tussen die volwasse bontebok en die volwasse blesbok is onder meer 'n diep donkerbruin, selfs purper-glans by die bontebok, teenoor 'n rooibruin, purperlose glans by die blesbok. Verder is daar 'n wit bles op die gesig van die bontebok wat, anders as in die geval van die blesbok, nie deur 'n smal bruin dwarsstreep tussen die oë verdeel word nie. 'n Helder wit kol op die boude en rondom die stertwortel van die bontebok is opsigtelik teenoor 'n kol op die boude van die blesbok wat slegs ligter as die algemene liggaamskleur vertoon. Die kleur van die horingringe by die bontebok vertoon swart teenoor strooikleurig by die blesbok.

*Die bontebok word skaarser*

Hoewel onkunde en oordrywing deur vroeë reisigers nie uitgeskakel kan word nie, wil dit voorkom asof die einde van die 18de eeu 'n keerpunt verteenwoordig in die voortbestaan van die bontebok. Hierna is veel kleiner getalle as voorheen van hierdie boksoort gedokumenteer. Mettertyd word dié bok een van die skaarste ter wêreld.

James Barrow (1801) merk in 1798 op dat net in Swellendam en die Soetendalsvallei nog enkele bontebokke aangetref word – ". . . formerly very numerous and now reduced to troops of twelve to twenty". Lady Anne Barnard tref ongeveer dieselfde tyd uitgedunde bonteboktroppe aan in die omgewing van die Breërivier (Barnard 1901). Sy vertel van 'n jagtog op die plaas van Jacob van Reenen. Hiermee onderstreep sy een van die redes vir die agteruitgang van die bontebokbevolkings. Dit is interessant dat Lady Anne Barnard bevestig dat Van Reenen met hierdie boksoort bekend was vóór sy tog na die *Grosvenor*-wrak – en tog, soos voorheen uiteengesit, het hy hierdie bok verwar met die blesbok wat veel verder noord aangetref is.

Lichtenstein (1811) verwys in 1803 na "baie wild" wat hy naby Swellendam gesien het en daaronder sluit hy die bontebok in, maar dit is onwaarskynlik dat "baie" van toepassing op die bontebok was. Hy bevestig dat die bontebok aan die agteruitgaan is: "Diesen Morgen hatten wir viel Wild, unter andern ein Rudel von zehn Bonteböcken *(Antilope scripta)* gesehn . . .". Die frase "een trop van tien bontebokke" staan in kontras met le Vaillant – wat ook bekend was dat hy onnodiglik kon aandik – wat ongeveer twintig jaar tevore troppe ". . . van meer as 2 000 . . ." aangetref het.

Ook Paravincini di Capelli maak in 1803 melding van ". . . verscheidene troppe Rhé en bontebokken . . ." wat hy op die landdros van Swellendam se plaas De Uitvlucht gesien het (de Kock 1965).

Hierna moes die bontebok nog meer in getalle verminder het, want toe Moodie (1835) meer as dertig jaar later dieselfde gebied deurreis, het hy opgemerk dat die bontebokke tot enkele troppe uitgedun was en beperk was tot 'n gebied tussen die berge en die see aan die een kant en tussen die Breë- en Duivenhoekrivier aan die anderkant.

Hoewel Cornwallis Harris (1840) kort hierna bontebokke aangetref het in die Soetendalsvallei naby Kaap Agulhas, dui hy geen getalle aan nie. Uit sy aantekeninge blyk dat die bontebok teen 1836 sodanig bedreig is dat dit noodsaaklik geword het om hulle deur streng maatreëls te beskerm. Die onwettige jag op die bontebok was toe met 'n boete van R75 strafbaar.

Toe Backhouse in 1844 Suid-Afrika besoek, het hy net in Caledon nog bontebokke aangetref. Algaande word dié boksoort egter verder deur die uitdyende "beskawing" uitgedruk. Layard (1871) vind dat hulle tot die "Strand Veldt" beperk was – 'n gebied wat hy beskryf het geleë tussen die see aan die suidwestelike, suidelike en suidoostelike kant, en 'n reeks laagliggende heuwels tussen die see en die Swartbergreeks.

Buckley (1876) beweer dat die bontebok ten tye van sy skrywe net te vinde was op Van Breda se plaas naby Kaap Agulhas. Ook hy praat Harris verkeerdelik na met sy opmerking dat die bontebok voorheen tot by die Vaalrivier aangetref is.

Bryden (1891) skat die getal bontebokke in 1895–1896 op ongeveer 300 en beklemtoon dat hulle slegs op die vlakte in die onmiddellike omgewing van Kaap Agulhas, asook in die Swellendam- en Bredasdorpstreke, aangetref word. Hoewel J. D. Albertyn in sy verslag oor die bewaring van die bontebok beweer dat dié bok ook verder oos, op die westelike oewer van die Breërivier naby Fort Beaufort op die plaas van 'n grootgrondbesitter, F. R. Myburgh, aangetref is, het ons hier klaarblyklik met 'n setfout te doene en moet dit lees "Port Beaufort", wat aan die monding van die Breërivier geleë is (FitzSimons 1920).

Sclater (1900) is oortuig dat ten spyte van die skrywe van sy boek die bontebok as vrybewegende wild nie meer bestaan nie, maar slegs bewaar is op die plase "Nachtwacht" en "Zeekoe Vlei" deur die oorspronklike eienaars Van der Byl en Van Breda. Hierdie stelling word bevestig deur Best, Edmund-Blanc, Witting en Raw (1962).

Hiermee gaan latere skrywers soos Lydekker akkoord (1908). Dus het daar min oorgebly van die bontebokke wat eenmaal die vlaktes van die suidwestelike hoek van Kaapland versier het. Die volgende tabel toon ten dele die fluktuerende maar steeds dalende getalle van die bontebok:

1898: 300 (*Wynberg Times*, 27.8.1898)
1899: ±450 (*The South African News*, 14.9.1899)
1900: 250 (*The Cape Times*, 3.9.1900)
1902: 250 (F. 234, Protection of Game, 1896–1905)

1903: 272 (F234)
1904: 270 (F.234)
1906: 390 (H.1 Agricultural Correspondence Files, 1905–8)
1907: 210 (H.1)
1908: 323 (H.1)
1912: 312 (Western Districts Game and Trout Protection Association, Report of Annual Meeting, 22.11.1912: herdruk uit *Cape Times*)
1931: 22 (C.B. 6/5 (3) vol. I: Sekretaris aan Direkteur Nasionale Dieretuin, Pretoria, 21.11.1947).

*Beskerming en herverspreiding*

Die merendeel reisbeskrywings, soos reeds gemeld, bevestig dat die bontebok se oorspronklike verspreidingsgebied in die rûensveld rondom Caledon Riviersonderend, Swellendam en Heidelberg met sy wuiwende grasveld gesoek moet word. Dit blyk dus dat die bontebok 'n besliste vereiste stel aan natuurlike grasse en 'n rëenval wat min of meer eweredig deur die jaar versprei is. Latere besoekers soos Harris, Selous en andere, maak melding van die bokke in die omgewing van die duineveld waar die grond meer suur is, maar sanderig, met minder grasse, maar meer struikgewasse. Die gevolgtrekking is onvermydelik dat die bokke na hierdie duineveld gevlug het toe die rûensveld onder verbouing gekom het.

Die duineveld neig om 'n tekort aan spoorelemente te openbaar en daar is 'n verskeidenheid van indringerplante soos rooikrans (*Acacia cyclops*) en renosterbos (*Elytropappus rhinocerotis*). Die verdrywing van die bontebok uit die gebied nader aan die berge met 'n beter grasstand, het dus grootliks bygedra tot die getalle-afname van die spesie. 'n Verdere bydraende faktor is die relatief klein gebied, zoogeografies gesproke, wat die spesie van meet af aan openbaar het.

Toevallig is die laaste bloubokke (*Hippotragus leucophaea*) teen die einde van die 18de eeu in die omgewing van Swellendam gesien op die teenswoordige plaas "Bontebokskloof", ongeveer 20 kilometer vanaf Swellendam.

Heel waarskynlik sou die bontebok nes die bloubok onder die druk van die beskawing en die toenemende boerdery-aktiwiteite ondergegaan het, indien versiende boere in die Bredasdorpgebied, veral die Van Breda-, Van der Byl-, Albertyn-, Myburgh- en Uys-families, nie dié boksoort bewaar het deur soveel as moontlik op hulle plase te beskerm nie. Die feit dat die betrokke plase (Fig. 1) suid van Bredasdorp amper aan die kus geleë is, bewys in watter mate die bontebok in die 19de eeu reeds uit sy natuurlike habitat verdryf was.





Fig. 1. Kaart van die gebied rondom Bredasdorp om die volgende plase, wat 'n rol gespeel het by die bewaring van die bontebok aan te dui: Nagt Wagt (SW.10.33), De Groote Eiland (O. Stel F.4.114) ook bekend as Zeekoe Gat of Zeekoevlei, Zoetendals Vallei (SW.1.40) en Bushy Park (1930-77-3757).

Die plaas Vogel Gezang is saam met ander ander plase opgeneem in die plaas Bushy Park. Quarrie Bos, die noordelike gedeelte van Bushy Park, het op 3 Julie 1931 die Nasionale Bontebokpark geword.

('n Deel van topo-kadastrale Kaart No. 49.)

(Ontleen aan Bigalke 1955)

Volgens Bryden (1897) het die families Van Breda en Van der Byl reeds sedert 1830 die enkele oorblywende troppies bontebokke begin beskerm. J. D. Albertyn bevestig dat Alexander van der Byl in 1837 op sy plaas "Nacht Wacht" in die distrik Bredasdorp die eerste poging ter bewaring van die bontebok aangewend het toe hy 27 bokke in 'n kamp van nagenoeg 5 139 ha beskerm het (FitzSimons 1920). Hierdie aantal het teen 1900 tot 180 aangewas.

Van der Byl se voorbeeld het die eienaar van die aangrensende plaas Zeekoe Vlei (ook bekend as De Groot Eiland of Zeekoe Gat), wie se naam ongelukkig nie gemeld word nie, maar wat waarskynlik P. K. Albertyn was, ook aangemoedig om 'n trop bontebokke te beskerm hoewel nie op so 'n doeltreffende wyse as sy meer welvarende buurman nie. Die erns waarmee Albertyn sy bewaringstaak beoefen net, blyk duidelik uit sy weiering om die destydse hertog van Edinburgh toe te laat om tydens sy besoek aan Suid-Afrika 'n bontebok op sy plaas te skiet.

Verder oos, op die westelike oewer van die Breërivier naby Port Beaufort, het F. R. Myburgh wat 'n grootgrondbesitter was, ook 'n trop bontebokke beskerm. Met sy dood omstreeks 1900 is sy grond aan verskillende persone verkoop wat ongelukkig nie sy bewaringsbewustheid deelagtig was nie. Gevolglik het die trop verminder tot slegs 'n paar bokke in 1920.

Volgens die reeds vermelde verslag van J. D. Albertyn, waaraan al die bovermelde gegewens ontleen word, het daar teen die einde van die 19de eeu slegs die volgende getalle bontebokke behoue gebly: 140 op sy plaas Nachtwacht; 120 op die plaas van P. K. Albertyn; tussen 20 en 30 op die plaas Vogel Gezang, grensende aan Zoekoe Vlei en in besit van die broers Myburgh, asook enkele bokke op die plaas Zoetendal Vallei van H. van Breda en die plaas Pattenberg van Andrew Ohlsson.

Bigalke (1955) dui op heelwat teenstrydighede in J. D. Albertyn se andersins waardevolle historiese verslag. Dit moet waarskynlik verklaar word dat toe Albertyn sy herrinneringe geboekstaaf het, sy geheue hom in die steek gelaat het en hy sekere feite onbewustelik en onopsetlik verwar het. Ooreenkomstig gegewens verstrek deur die Kaapse landmeter-generaal is die plaas Nachwacht in April 1833 aan Pieter Vontelyn van der Byl toegeken. Eers met sy dood 42 jaar later, is die plaas aan sy seun Alexander van der Byl oorgedra. Indien daar dus sover terug as 1837 besondere maatreëls ter bewaring van die bontebok op hierdie plaas getref is, kom die eer en dank daarvoor aan P. V. van der Byl toe.

Ook met betrekking tot Andrew Ohlsson wat in bogenoemde verslag vermeld word, bestaan daar verwarring. Gedurende die jare 1902–1905 het Anders Ohlsson (let wel: nie Andrew Ohlsson soos bogenoemde verslag te kenne gee nie) in besit gekom van 14 plase wat kuslangs gestrek het vanaf die monding van die Breërivier naby Kaap Infanta in die rigting van Martha-punt. In 1912 is hierdie plase (totale oppervlakte meer as 26 980 ha) deur heropmeting verenig. Die oorspronklike name

en kaarte is gekanselleer en die naam The Potterberg Estates is aan die saamgestelde plaas gegee. Die naam Pattenberg in J. D. Albertyn se verslag is dus foutief. Hy het wel in Junie 1916 die eienaar geword van die landgoed bekend as Potterberg A (6 652 ha). Die plaas Vogel Gezang is later met ander plase verenig tot 'n enkele eenheid bekend as Bushy Park (meegaande kaart). Selous (1899) melt dat Albertyn se stelling in verband met die getal oorblywende bontebokke teen die einde van die 19de eeu oordryf is.

Ten spyte van bogenoemde bewaringsmaatreëls, het die bontebok in die Bredasdorp-omgewing verder agteruit gegaan. Volgens Lang (1929) was daar in 1927 net 77 bontebokke op drie plase in die Bredasdorpse distrik en 44 op vier plase in die omgewing van Swellendam teenwoordig. Dit was toe duidelik dat hierdie boksoort op 'n nasionale grondslag beskerm moes word om sy voortbestaan ter verseker. In 1929 het M. J. van Breda persoonlik vertoë tot die destydse Minister van Lande, P. G. Grobler gerig met betrekking tot die behoud van die snelverminderende bontebokpopulasie van Suid-Afrika. Daarop het die Unieregering in 1930 die noordelike gedeelte van die plaas Bushy Park, bekend as Quarrie Bos (722 ha), sowat 27 kilometer suid van Bredasdorp aangekoop met die uitsluitlike doel om die bontebok te beskerm. Op 3 Julie 1931 het Quarrie Bos gevolglik die Nasionale Bontebokpark geword en is 'n trop van 22 bontebokke daar gevestig.

In 1931 is die Park omhein. Weens finansiële druk is slegs een kleurlingopsigter aangestel (Nasionale Parkeraad 1931). Die landdros van Bredasdorp en P. K. Albertyn het egter hulp verleen (Nasionale Parkeraad 1933). Jan Jantjes was die kleuringveldwagter wat meer as 14 jaar lank getrou hierdie bontebokke opgepas het.

Onder beskerming het die getal bontebokke vinnig toegeneem en in 1939, slegs 'n jaar nadat die Park amptelik deur die Kaapse Administrateur, adv. J. H. Conradie, geopen is, was daar reeds 123. Terselfdertyd het die kleinwild soos vaalribbokke, duikers, steenbokkies en grysbokkies 'n permanente en veilige onderdak in die Park gevind. Ook die voëllewe het aanmerklik toegeneem.

In 1940 moes die getal bontebokke beperk word. 'n Spesiale vangkraal is in Mei 1940 in die Park gebou en 13 bokke is gevang en aan goedgekeurde persone verskaf: F. W. M. Bowker (Thornkloof, Grahamstad), P. K. Albertyn (Riverside, Bredasdorp), D. C. Myburgh (Vogel Gezang, Bredasdorp), J. N.Swart en aan die Nasionale Dieretuin, Pretoria. Van die sewe bokke wat aan Bowker verskaf is, het het vyf die lewe behou en teen November 1947 het hulle tot 51 en in Desember 1953 tot 120 vermeerder (Nasionale Parkeraad 1940, 1947, 1953).

Na 1940 is verdere bokke deur die Nasionale Parkeraad aan boere beskikbaar gestel. In 1943, nadat die bokke met 52 toegeneem het, is 59 bokke gevang en aan boere in Caledon, Swellendam en Bredasdorp geskenk, asook aan die Rhodes landgoed, Kaapstad, Kaap die Goeie Hoop Natuurreservaat en die Nasionale Dieretuin, Pretoria (Nasionale

Parkeraad 1943). Sodoende het die Nasionale Parkeraad die drakrag van die Park realisties benader en, ook die verspreidingsgebied van die bontebok weer vergroot. As sodanig was dit 'n belangrike stap ter versekering van die voortbestaan van die bontebok. In 1945 tel die trop reeds 200. In 1946 is weer eens 62 bokke aan kleiner natuurreservate soos Kaap die Goeie Hoop Natuurreservaat, die Nortier- en Lambertsbaaireservate geskenk. Drie jaar later is weer 'n "aansienlike getal" aan boere in die omgewing van die Park uitgedeel.

Gedurende die veertiger jare tref die Nasionale Parkeraad verskeie maatreëls om weidingstoestande van die bontebokke te verbeter. Teen 1948 was 80 persent van die Park oordek met renosterbos (Campbell en Blaine 1948). Campbell en Blaine, twee raadslede, het op versoek van die Raad die Park besoek en aanbeveel dat ten minste 40 ha van renosterbos skoongemaak en daarna omgeploeg en met gras beplant moes word. Eers in 1954 is 17 ha weiding aangeplant en die daaropvolgende jaar is 'n verdere 34 ha grond voorberei vir die vestiging van grasse, grane, lusern en klawer. Nagenoeg 214 ha renosterbos is ook herhaaldelik afgesny in 'n poging om dit uit te roei. Verder is 171 ha behandelde natuurlike weiveld afgekamp vir somerweiding (Nasionale Parkeraad 1955). Die "onaantreklikheid" van die Park en sy "afgeleë ligging" sowel as die "uiters onbevredigende" gesondheid van die bontebokke het die Raad bekommerd gemaak oor die voortbestaan van hierdie spesie.

Ten spyte van bogenoemde en verdere maatreëls (teen 'n beraamde uitgawe van R10 000) het die bontebokke in die Park nie na wense floreer nie. Ondanks verdere maatreëls soos die behandeling van drinkwater met kopersulfaat, veelekke en somer- en winterkampe, het die toestand algaande versleg. In die jaarverslae is gemeld dat die bestaande Park ook nie "Nasionale Park status" waardig was nie. Terseldertyd het die getalsterkte van die bokke afgeneem, soos blyk uit onderstaande:

| | |
|---|---|
| 1945 | 200 |
| 1947 | 131 |
| 1952 | 96 |
| 1957 | 134 |
| 1958 | 104 |

Die Raad se bioloog en assistent-bioloog het die Park in 1953 besoek, omdat die aantal bokke eensklaps onrusbarend gedaal het. Hulle rapporteer dat volgens die veearts (T. Smuts) 'n tekort aan minerale tesame met parasietbesmetting verantwoordelik was vir die verlies aan bokke en die swak toestand van die oorblywende diere. Voorts was daar 30 ramme teenoor 62 ooie in die Park en is aanbeveel dat die ramme tot 10 en ooie tot 44 verminder moes word. Die oorskot moes aan boere, sowel as aan die Nasionale Dieretuin, Pretoria, geskenk word. Ses ramme moes vir eie navorsing beskikbaar gestel word. Die bioloë het ten slotte aanbeveel dat die aangeplante weiding uitgebrei en dat die

tekort aan sekere spoorelemente deur die gebruik van lekke aangevul moes word.

Gedurende Maart 1954 het die Raad besluit om die moontlikheid te ondersoek om weiding vir die bontebokke op die stuk kroongrond, bekend De Mond, aan die Bredasdorpse kus en op die militêre vliegveld naby die Park te bekom. Die nodige verlof tot benutting van die gemelde stukke grond is wel deur die betrokke staatsdepartemente (Verdediging en Bosbou) toegestaan, maar die onderhandelings met die boere in die omgewing, om deurtog te verkry, het misluk. Die Parkeraad het hierna nog drie jaar lank probeer om die omstandighede in die Bontebokpark te verbeter, maar teen 1957 was dit duidelik dat 'n ander tuiste vir die bontebok gesoek sou moes word (Labuschagne 1957b).

'n Ontleding van toestande in die destydse Bontebokpark getuig waarom dié Park nooit geskik was as 'n bewaringsoord nie. Dit het bestaan uit 'n vlei van ongeveer 167 ha, 'n kalkagtige streek van 231 ha en 278 ha goeie sanderige ploegbare grond. Die grootste gedeelte van die vlei wat in die middel van die Park geleë was, was begroei met onsmaaklike riet en vleigras. Verder was dit vir die grootste gedeelte van die jaar moerasagtig.

Verder het parasietbesmetting heelwat vrektes onder die bokke veroorsaak. In 1956 het ongeveer 25 bontebokke gevrek aan haarwurm- en bankrotwurmbesmetting. Twee-en-twintig lammers is deur hulle moeders weggegooi, juis as gevolg van parasietbesmetting. Die veearts van Caledon-Bredasdorp, T. Smuts, het aanbeveel dat die vlei toegespan moes word ten einde verdere verliese te voorkom. Dié maatreël is teen groot koste aangegaan, maar dit het 167 ha grond totaal onbenut gelaat, terwyl dit nogtans 'n bron van besmetting gebly het.

Die kalkerige streek van 231 ha was met uitsondering van 50 ha begroei met onsmaaklike plantegroei. Die 50 ha was al wat meer produktief benut kon word, nadat dit vier keer met 'n bossiekapper gesny en met bemestingstowwe behandel is.

Van die 278 ha benutbare grond is 60 ha toegespan en omgeploeg en aangeplante weiding van roggrasse, hawer, rooigras, lusern en klawersoorte is daarop gevestig en vir somerweiding aangewend. Omdat dié kamp so klein was, het wurmbesmetting ook daar ingetree. Op die orige 218 ha het die ruigste renosterbosstand van die hele omgewing voorgekom. Met groot koste is dit gekap en deur herhaalde bemesting is die natuurlike weiveld tot 'n groot mate herstel.

As gevolg van die tekort aan sekere spoorelemente, het die bontebokke simptome van lamkruis begin vertoon. Hieraan is in 1956 vyftien bokke dood.

Op 1 Mei 1957 skryf die Direkteur van die Nasionale Parkeraad aan die Departement van Lande: "Die Parkeraad is magteloos . . . een en almal is dit eens: as die bontebokke moet voortbestaan, dan moet daar onmiddelik 'n groter en beter Park gevind word. Die voortbestaan van die wêreld se skaarste bok word nou finaal bedreig. Van al die bokke wat aan boere en ander instansies gegee is, het slegs Bowker,

(Grahamstad), daarin geslaag om 'n kudde op te bou. As gevolg van ongunstige klimaatsomstandighede gedurende 1956, het 93 bokke uit 'n trop van 104 gevrek. Daar is niemand in Suid-Afrika wat meer as 'n dosyn bokke het nie. Die nood is hoog en daarom word hierdie skrywe aan u gerig . . ."

Toeligtend het die Direkteur aan die hand gedoen dat grond êrens in die kusgebied van die suidwestelike distrikte van Kaapland gevind moet word, omdat dié streek die oorspronklike tuiste van die bontebok was. Daar moes vloeiende water wees, verkieslik bergagtige grond, maar vlakte- of bultweiding. Verder was natuurlike skuilings soos klowe en inheemse bosse nodig.

Na aanleiding van die verslag van Labuschagne (1957a) het die Parkeraad die Minister van Lande, genader om in die Caledon- of Swellendamdistrikte na geskikte grond te soek waarop 'n nuwe park vir die bontebokke geproklameer kon word. Op 7 Junie 1957 is so 'n opdrag aan die Raad onderteken. Hierin is die distrikte Darling en Hopefield ook as moontlike hervestigingsgebiede genoem. Die distrikte van Riversdal, Heidelberg, Montagu en Worcester het almal ook aandag geniet. 'n Deel van die dorpsmeent van Swellendam was die uiteindelike keuse, vanweë sy ligging, grootte (met die moontlikheid van latere uitbreiding), grondtoestand, klimaat en toeganklikheid, maar veral weens die plantegroei en weidingspotensiaal.

Labuschagne (1957b) se verslag is op 10 Desember 1957 deur die Raad aanvaar. Nogtans is daar besluit om gedurende Maart 1958 die ou Park te besoek voordat magtiging verleen word om daadwerklik tot onderhandelinge oor te gaan ten einde die Swellendamse dorpsmeent te bekom. Drie Raadslede, mnr. F. H. Odendaal, J. N. Malan en C. T. J. Hannah, het die Bredasdorpse Park besoek en terselfdertyd onderhandelings gevoer met die munisipaliteit van Swellendam.

*Die Bontebok in Swellendam*

Bogenoemde onderhandelings het daarop uitgeloop dat die Nasionale Parkeraad op 9 Mei 1958 'n voorstel aanvaar het dat vertoë tot die Minister van Lande gerig word om die volgende grond by Swellendam aan te koop:

(i) 'n gedeelte van die dorpsmeent, ongeveer 1 200 ha groot, met insluiting van 'n gedeelte, ongeveer 43 ha bekend as Outuin, met uitsluiting van die vliegveld;
(ii) aangrensende grond van ongeveer 1 028 ha wat aan M. G. Lourens behoort;
(iii) 'n gedeelte van ongeveer 85 ha wat aan P. G. Lourens behoort en suid van die Breërivier lê;
(iv) 'n klein gedeeltetjie van 'n sekere Paulsen wat suid van die Breërivier en aangrensend aan P. G. Lourens se grond lê.

Op 24 Junie 1959 het die Minister van Lande (Min. P. Sauer) die Volksraad se toestemming gevra om ". . . die ou bontes na Swellendam

te verwyder" (Hansard 1959). Hy skets die probleme in verband met die bewaring van die bontebok te Bredasdorp. Na afloop van die Minister se betoog wou mnr. Harry Lawrence (Soutrivier) van die minister weet hoe die minister die bokke gaan verwyder? Waarop Min. Sauer antwoord: "Mens kan hul nie aanja soos skape nie en nog minder kan jy hulle aanlok soos parlementslede. Gewoonlik kry hulle 'n inspuiting of 'n dop brandewyn, maar nou dat die aksyns op brandewyn opgegaan het, sal die ander metode miskien beter wees".

Maj. Piet van der Byl (Groenpunt) meld dat hy 'n aantal op sy plaas het maar dit gaan moeilik om die trop te laat gedy, want vir elke ooi wat gebore word is daar ses of sewe ramme. Die ramme is baie veglustig, byna soos die Minister partykeer is. Omtrent veertig van sy ramme het hulle al doodgeveg.

Ander sprekers was bekommerd oor die bokke se reis na Swellendam. Dit het mnr. Douglas Mitchell (Suidkus) laat terug dink aan twintig jaar tevore toe hy in Natal bokke met 'n spuit uit 'n geweer help vang het. Na verdere bespreking is die minister se voorstel eenparig aangeneem en het die nuwe Nasionale Bontebokpark geleë 5 km suid van Swellendam, werklikheid geword.

Die Staat het uiteindelik 1 377 ha teen R40 000 aangekoop. Skenkings van grond deur P. Lourens en P. Dunn (wat voorheen verkeerdelik in die dokumente as Paulsen beskryf is) het die oppervlakte op 1 461 ha te staan gebring. Die Park het sodoende tot aan die suidelike oewer van die Breërivier gestrek. Die gebied is op 24 Maart 1961 tot 'n Nasionale Park geproklameer. Die bontebokke was toe egter alreeds vir meer as 'n jaar daar geplaas.

In die ou Park was daar teen die einde van 1959 slegs 95 bokke oor. Verskillende vangmetodes is beproef ten einde die oorplasing van die bontebokke so vlot as moontlik te laat verloop. Die trop is met 'n drukgang gevang (Barnard en van der Walt 1961). Aan die einde van Maart, begin April 1960, is 84 bokke gevang en onder die invloed van kalmeermiddels na die nuwe Park verskuif. Net 61 het die proses oorleef.

Terselfdertyd is 'n aantal rooihartbeeskalwers in die Nasionale Kalahari-gemsbokpark gevang en ook na die Park oorgeplaas. Daardeur is 'n poging om die eertydse samestelling van die dierespektrum van die Swellendamdistrik te herstel van stapel gestuur.

In die Park self was daar steenbokke, duikers en heelwat vaalribbokke, maar die Parkeraad het met verloop van tyd springbokke elande, Kaapse buffels en volstruise hervestig. Vyf rietbokke, afkomstig van die Transvaalse Bosveld, en 'n aantal bosbokke uit Swellendam-omgewing het ook 'n tuiste hier gevind.

Die eerste bonteboklam is op 30 Augustus 1962 in die Park gebore. Met die amptelike opening van die Park op 10 Oktober 1962, het die getal bontebokke reeds op 84 gestaan.

Begryplikerwys was die inwoners van Bredasdorp aanvanklik nie baie gelukkig oor die verskuiwing van die bontebokke na Swellendam nie.

Die Nasionale Parkeraad het Bredasdorp egter nie afgeskeep nie. Altesaam agtien bontebokke is aan die Kaapse Provinsiale Administrasie se wildplaas in die distrik Bredasdorp afgestaan.

Aanvanklik is gemeen dat die Park groot genoeg was vir die bontebokke om te gedy. Met die toevoeging van ander wild wat oorspronklik daar voorgekom het, is die vrees bewaarheid dat ook dié Park te klein sou word om die wildbelading te dra. Daarop is op 16 Oktober 1963 korrespondensie met die Staat aangeknoop ten einde verdere grondaankope te vra van M. G. Lourens en A. A. P. Odendaal. Gedurende Desember 1965 is twee gedeeltes, een van 978 ha en 'n tweede van 371 ha deur die Staat aangekoop en as deel van die Park geproklameer (Staatskoerant 1965). Die Park se oppervlakte het nou 2 803 ha beslaan. Hierdeur was die nuwe Park vier keer groter as die eerste. Die bontebokbevolking het vanuit die staanspoor hier in getalle toegeneem soos blyk uit onderstaande:

| | | |
|---|---|---|
| 1960 | : | 61 |
| 1961 | : | 80 |
| 1962 | : | 89 |
| 1963 | : | 117 |
| 1964 | : | 159 |
| 1965 | : | 171 |
| 1967 | : | 213 |
| 1970 | : | 254 |
| 1972 | : | 271 |

Dit alles het teen die einde 1974 bewys dat die Nasionale Parkeraad met die verskuiwing van die bontebok na Swellendam nie alleen die voortbestaan van dié sieraad van die vroeë Suidwestelike distrikte versterk het nie, maar bowe-al 'n bewaringstaak verrig het waarvan Suid-Afrika as geheel in die jare wat kom, die vrugte sal pluk.

## VERWYSINGS

ACOCKS, J. H. P. 1953. Veldtypes of South Africa. *Mem. bot. Surv. S. Afr.* 28.

ANONIEM. 1796–1798. V.C. 104 – *Eene Generale Beschrijving van de Colonie De Kaap de Goede Hoop.*

ANSELL, W. F. H. 1971. Artiodactyla. *In* J. Meester and H. W. Setzer (eds.). *The Mammals of Africa An identification manual.* Washington: Smithsonian Institution Press.

BACKHOUSE, J. 1844. *A narrative of a visit to Mauritius and South Africa.* London: Hamilton, Adams & Co.

BARNARD, A. 1901. *South Africa a century ago; letters written from the Cape of Good Hope 1797–1801.* Kaapstad: Maskew Miller.

BARNARD, P. J. and K. VAN DER WALT. 1961. Translocation of the bontebok *(Damaliscus pygargus)* from Bredasdorp to Swellendam. *Koedoe* 4:105–109.

BARROW, J. 1801. *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798*. I. London: T. Cadell Jun. & W. Davies.

BEST, G. A., F. EDMUND-BLANC, R. C. WITTING and W. G. RAW. 1962. *Rowland Ward's Records of Big Game* XI Ed. (Africa). London: Rowland Ward Ltd.

BIGALKE, R. 1955. Die Bontebok *(Damaliscus pygargus* (Pall.) met spesiale verwysing na sy geskiedenis en beskerming. *Fauna Flora Pretoria* 6.

BÖESEKEN, A. 1964. *Simon van der Stel en sy kinders*. Kaapstad: Nasou.

BOSMAN, D. B. en H. B. THOM. 1952–1957. *Dagregister gehouden by den Oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck*. Kaapstad: Balkema.

BOTHA, C. G. 1924. *Collectanea*. Van Riebeeck Soc. 5. Kaapstad: V. Riebeeck Soc.

BRYDEN, H. A. 1891. On the present distribution of the giraffe, South of the Zambesi, and on the best means of securing living specimens for European Collections. *Proc. Zool. Soc. Lond.*

BRYDEN, H. A. 1897. *Nature and sport in South Africa*. London: Chapman and Hall.

BUCKLEY, T. E. 1876. On the past and present geographical distribution of the large mammals of South Africa. *Proc. zool. Soc. Lond.*

BURCHELL, W. J. 1824. *Travels in the Interior of Southern Africa*, II. London: Longman, Hurst, Rees, Orme, Brown and Green.

CAMPBELL, W. A. en C. H. BLAINE. 1948. Nasionale Parkeraad: lêer C.B.6/5.I.

DE KOCK, W. J. 1965. *Reize in de Binne-landen van Zuid-Afrika gedaan in den jaare 1803 door W. B. E. Paravicini di Capelli*. Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging.

FITZSIMONS, F. W. 1920. *The natural history of South Africa*. III. London: Longmans, Green & Co.

FRANKEN, J. L. M. (ed.) 1938. *Duminy – Dagboeke*. Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging.

GODEE-MOLSBERGEN, E. C. 1932. *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandsche Tijd*. IV. 's Gravenhage: Martinus Nijhoff.

HANSARD, 1959. 102: 8 Junie–1 Julie. Kol. 8898–8907.

HARPER, F. 1940. The nomenclature and type localities of certain Old World mammals. *J. Mammal.* 21.

HARRIS, W. C. 1840. *Portraits of the game and Wild Animals of Southern Africa*. London: W. Pickering.

HARRIS, W. C. 1841. *The wild sports of Southern Africa*. 2nd ed. London: William Pickering.

LABUSCHAGNE, R. J. 1957a. Voorgestelde terrein vir Nasionale Bontebokpark. Nasionale Parkeraad: Raadsagenda. Item 12.

LABUSCHAGNE, R. J. 1957b. Progress report on the Bontebok National Park. National Parks Board: Board Agenda. Item 31.

LANG, H. 1929. Game reserves in the Union and Wild life Protection. *In: Science in South Africa.*
LAYARD, E. L. 1871. Footnote to an article on the bontebok. *Proc. zool. Soc. Lond.*
LE VAILLANT, F. 1796. *Travels into the interior parts of Africa.* London: G. G. & J. Robinson.
LICHTENSTEIN, H. 1811. *Reisen im Südlichen Afrika in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806.* I. Berlin: C. G. Lüderitz.
LYDEKKER, R. 1908. *The Game Animals of Africa.* London: Rowland Ward Ltd.
MASSON, F. 1776. *An account of three journies from Cape Town into the southern parts of Africa.* Phil. Trans., I.
MOODIE, J. W. D. 1835. *Ten years in South Africa.* London: Richard Bentley.
MOSSOP, E. E. 1927. *Old Cape Highways.* Kaapstad: Maskew Miller.
MOSSOP, E. E. 1931. *Journals of the expeditions of the Honourable Ensign Oloff Bergh (1682 and 1683) and the Ensign Isaq Schrijver (1682 and 1689).* Kaapstad: V. Riebeeck Vereniging.
NASIONALE PARKERAAD. 1931, 1933, 1940, 1945, 1947, 1953, 1955. Jaarverslae.
PALLAS, P. S. 1766. *Miscellanea Zoologica.* Barcelona: Museo de Zoologia. (Instituto Municipal de Ciencias Naturales).
PATERSON, W. 1789. *A Narrative of four journeys into the country of the Hottentots and Caffrarra in the years 1777, 1778 and 1779.* London: J. Johnson.
ROBERTS, A. 1951. *The Mammals of South Africa.* Johannesburg: Trustees, "The Mammals of South Africa" Book Fund.
ROTHMAN, M. E. en A. ROTHMAN. 1968. *Die Drostdy op Swellendam.* Elsies Rivier. Swellendam: Drosdy-komissie.
ROTHMAN, M. E. 1972. *My beskeie deel.* Kaapstad: Tafelberg.
SCLATER, W. L. 1900. *Mammals of South Africa.* 2 Vols. London: R. H. Porter.
SELOUS, F. C. 1899. *Great and small game of Africa.* London.
SELOUS, F. C. 1908. *African nature notes and reminiscences.* London: Macmillan & Co.
SKEAD, C. J. 1958. Mammals of the Uitenhage and Cradock C.P. districts in recent times. *Koedoe* 1:19–59.
SMITH, A. 1833. African Zoology. I. Mammalia. *S.A. (Quart.) Jnl.,* 2:101.
SPARRMAN, A. 1786. *A Voyage to the Cape of Good Hope, towards the Antarctic Polar Circle, and round the World, from the year 1772–1776.* (Bd 2) I. London: Robinson.
STAATSKOERANT. 1965. No 1297 van 10 Desember. Kennisgewing No. 317.
STOCKENSTRÖM, A. 1887. *Autobiography of the late Sir Andries Stockenström.* C. W. Hutton (ed.) I. Kaapstad: Juta & Co.

THEAL, G. M. 1964. *History of South Africa before 1795*. IV. Kaapstad: Struik.
THUNBERG, C. P. 1795. *Travels in Europe, Africa, and Asia performed between the years 1770 and 1779*. 2nd Ed. London: F. & C. Rivington.
TOMLINSON, L. L. 1943. *Geskiedkundige Swellendam*. Kaapstad Nasionale Pers Boekhandel.
VAN REENEN, J. 1792. *A journal of a journey from the Cape of Good Hope undertaken in 1790 and 1791*. London: G. Nicol bookseller to His Majesty. Pallmall.